



Vol-Mel produkte is 'n reeks volledige suiwelvoere wat geformuleer is vir gemiddelde tot hoë melkproduksie uitsette.

Voordele van die produk:

- Vol-Mel produkte is smaaklik en wetenskaplik geformuleer.
- Vol-Mel produkte bevat ten minste 35-40% ruvoer.
- Vol-Mel produkte se ruvoerfraksie is hoofsaaklik lusern gebaseer (die produkte bevat ten minste 30% lusern).
- Vol-Mel produkte word vervaardig met behulp van die nuutste ruvoerverwerking en vermenging tegnieke om konstante vesellengtes te verkry.
- Vol-Mel produkte bevat die nodige vitamieë en minerale vir verbeterde prestasie van melkkoeie.
- Vol-Mel produkte bevat ionofore en ander medikamente om rumegesondheid en voeromset verhouding te verbeter.

| SAMESTELLING | Vol-Mel Midi | Vol-Mel Scientific |
|------------------------------|---------------------|--------------------|
| Klas: | Complete Dairy Feed | |
| Registrasie Nommer: | V18916 | V15637 |
| AFGRI Produk Kode | R1100 | R1101 |
| Nutrients | g/kg | g/kg |
| Ruproteïen (min.) | 140 | 145 |
| Ruproteïen vanaf NPN (maks.) | 20.50 % | 19.79 % |
| Ureum (maks.) | 10 | 10 |
| Vog (maks.) | 120 | 120 |
| Ru-vet (min.) | 25 | 25 |
| Ru-vet (maks.) | 70 | 70 |
| Vesel (min.) | 135 | 135 |
| Ruvesel (maks.) | 280 | 200 |
| Kalsium (min.) | 7 | 7 |
| Kalsium (maks.) | 12 | 12 |
| Fosfor (min.) | 3 | 3 |

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens instruksies.

VOERINSTRUKSIES

1. Aanpassing van diere is noodsaaklik wanneer daar van 'n NPN-vrye suiwelvoer na 'n NPN-bevattende suiwelvoer (bv. ureum) oorgeskakel word. Dit is raadsaam om 'n 50/50 mengsel van die twee tipes voer te meng en oor 'n tydperk van 4-6 dae te voer om aanpassing te vergemaklik.
2. Dit word aanbeveel dat Vol-Mel produkte in minstens 2-4 voedings per dag gevoer word.
3. Hierdie veevoer moet nie onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoer gevoer word nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur.
4. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
5. Die hoeveelheid produk wat per dier gevoer word sal afhang van:
 - Stadium van laktasie.
 - Melk- en vastestof produksie.
 - Voer 10 kg Vol-Mel Scientific of Vol-Mel Midi/koei/dag plus ruvoer *ad lib* vir die eerste 7 dae. Na die 7 dae periode kan Vol-Mel *ad lib* gevoer word. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegniese Adviseur vir 'n optimale aanpassingsprogram.

ALGEMENE RIGLYNE:

- Aanpassing van koeie is belangrik indien van voedingstrategie verander word.
- Voorsien vrye toegang tot skoon, vars drinkwater te alle tye.
- Koeie moet toegang tot skaduwee hê omdat hittestres melkproduksie nadelig beïnvloed.
- Voerinnamte moet daaglik gemonitor word.
- Hoe hoër die melkproduksie per koei per dag, hoe hoër die marge bo voerkoste per koei per dag.
- 'n Optimale voedingstelsel is van die uiterste belang. Voerkoste verteenwoordig soms 60% of meer van die totale uitgawes van 'n melkery onderneming.
- Vol-Mel produkte is droë voere (90% droë materiaal – 10% vog). Water kan by Vol-Mel produkte gevoeg word.
- Die byvoeging van water verminder die vermoë van diere om tussen meel en ruvoer fraksies te selekteer. Voerinnamte moet dienoreenkomstig aangepas word met die byvoeging van water tot Vol-Mel produkte.

Vorm: Meel
Verpakking: 40 kg Sakke

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73
Centurion

Tel: +27 11 063 2347
afgrianimalfeeds.co.za